

ST. RAYMOND NONNATUS

31 AUGUSTUS

(1204-1240)

Hierdie Katalaanse heilige se moeder is oorlede by sy geboorte en hy het ná haar afsterwe d.m.v. 'n keisersnee in die wêreld gekom, vandaar sy bynaam 'nonnatus' wat "die ongeborene" beteken. In 1221 sluit hy aan by die Mercaderiane, 'n orde wat spesifiek gestig is om die groot aantal Christene vry te koop wat deur Moorse seerowers gevange geneem is en as slawe in Noord-Afrika verkwansel is. Hy gaan na Algerië om slawe los te koop en toe die geld opraak bied hy homself aan as gevangene sodat iemand anders vrygestel kan word. In die gevangenis verkondig hy die Evangelie met soveel sukses dat die goewerneur van die tronk sy lippe deurboor en met 'n kettinkie laat seël het sodat hy wel kos kon inneem, maar nie kon praat nie. Hy verduur dié foltering 8 maande lank voordat hy op sy beurt deur sy orde vrygekoop is.